



# HOËRSKOOL ALBERTON

## Godsdienstbeleid

### 1. AANHEF EN CREDO

Die Beheerliggaam van HOËRSKOOL ALBERTON is daarvan oortuig dat die mens, van sy eerste lewenskreet af, vir die res van sy lewe op aarde van al die **mede**-mense wat sy pad mag kruis, afhanklik is. Oor sy totale lewensydperk, hoe kort of hoe lank dié nou ook mag wees, is die mens iemand wat immer steunsoekende en roepende is. Hy roep na die ander - die medemens om hom te ondersteun om sy beleefde nood te verlig en hom geborge te laat voel. Daarom is Opvoeding (insluitend opvoedende onderwys) 'n toekomsgebeure wat immer in 'n eenheidsband met die verlede en die hede voltrek word.

Die kind op weg na volwassenheid is op die toekoms gerig. Om egter veilig dáár te kan arriveer, moet hy weet waar hy vandaan kom. Sy historisiteitsbeleving dwing hom om sy lewe "op te vat" (vgl. "lewensopvatting") want hy beseft hy is daardeur enersyds aan sy verlede as self-toegeëiende hede gebind en andersyds aan sy toekoms as ope keusemoontlikheid. Om dit wat hom "toekom" (vgl. "toekoms") in die toekoms met behulp van sy eie keuses te gaan haal en dit vir homself toe te eien, moet hy weet watter weg die mees veilige en aanbevole weg is om te volg. Daarvoor het hy duidelike, ondubbelsinnige waardes, norme en behoorlikheidseise nodig.

Sy gewete is die mens as sedelike wese se "wetgewer". Die mens se gewete is die stem van God, want die Christenvolwassene leef uit, deur en tot God en vind in die beantwoording van die eise wat deur God aan hom gestel word, die hoogste sin van sy bestaan. Deur sy gewete luister die mens na die stem van God. Daarom moet die kind wat op weg is na sedelik selfstandige, geestelike volwassenheid, van baie vroeg af reeds onderrig word om effektief te kan "luister", sodat hy die influistering van die stem van God onbelemmerd sal kan hoor. Ons, as Beheerliggaam van hierdie Skool, is daarvan oortuig dat gewetensvorming as opvoedingsdoel in die eerste plek deur kennis van God en sy beloftes plaasvind - en dan veral deur kennis van die eise wat Hy stel. Dit moet lewewekkende kennis wees wat in 'n besondere bestaanswyse, te wete in 'n lewe met God, tot uitdrukking sal kan kom.

Vir die Christusgelowige ouer en opvoeder van HOËRSKOOL ALBERTON is dit gevolglik van uiterste opvoedingsbelang dat die kind vir die Ewigheid van 'n Hemelse hiernamaals behoue sal bly. Vir hierdie doel verwag elke Christusgelowige ouer dat hierdie Skool die sedelike waardes wat hier aan sy kind onderrig word, eweneens uit die Woord van God sal aflei en ooreenkomstig die beginsels van die Heilige Skrif aan hom sal ontsluit. Die Beheerliggaam is gevolglik daarvan oortuig dat dit die taak van hierdie Skool is en bly om elke komende geslag as die generasie van môre te konfronteer met die hoogswaardevolle wat deur die ouerhuis, Kerk en Staat gehuldig mag word. So is ons dan ook daarvan oortuig dat dit vir sowel die Christusgelowige ouer én opvoeder immer 'n konfrontasie bly wat onder die gesag van die Christelike waardes as **leid**-ster behoort te geskied.

Die waardes waarop die nuwe Suid-Afrikaanse Staat gebou is, is in die Grondwet - en in besonder in die Aanhef tot die Grondwet, sowel as in artikel 1 én in die Handves van Menseregte verskans. Dit is daarom hierdie Skool se Beheerliggaam se oorwoë en uitdruklike mening dat vrede en eensgesindheid slegs moontlik kan wees as alle mense - die Regering inkluis - aan al hierdie waardes beslag help gee. Die respektering van die godsdienstige regte van opvoeders en leerders in skole kan daarom nooit teenstrydig wees met die waardes van die Grondwet nie. Juis deur al die regte, soos in die Handves van Menseregte vervat, te bevorder en daaglik onverskrokke voor te leef (en nie net daardie regte wat ons eie, beperkte belange ten beste sou kon dien nie), kan die breë Suid-Afrikaanse gemeenskap verwag om te vorder op die pad na rasseheling, kulturele verdraagsaamheid, wedersydse godsdienstige respek en nasiebou.

Ingevolge artikel 7(2) van die Handves van Menseregte, is ons gevolglik die oordeel toegedaan dat dit die Regering se plig is om vir sy landsburgers gunstige omstandighede te skep waar hulle hulle grondwetlike regte (waaronder die reg tot godsdienstvryheid) onverskrokke en ongesteurd kan beleef én voorleef. Ingevolge dieselfde artikel glo ons ook dat dit die Regering se onvervreembare plig is om self ook hierdie regte te respekteer, te bewaar, te bevorder én te vervul.

Ons glo voorts dat die onderrig van waardes en geloofsoortuiging die verantwoordelikheid van 'n bepaalde gemeenskap en sy regmatig verkose verteenwoordigers (soos bv. hierdie Skool se Beheerliggaam) behoort te wees en te bly.

Ons glo vervolgens dat godsdienstige verdraagsaamheid, asook wedersydse, medemenslike respek en barmhartigheid, ten beste gekweek en gevestig word binne 'n geborge, gekoesterde omgewing waar opvoeders én leerders se grondwetlike reg tot godsdienstvryheid openlik (en amptelik) erkenning geniet. Dieselfde geld vir die totstandkoming van "nasionale eenheid" en vreedsame naasbestaan wat deur middel van (onder andere) formele godsdiensoonderrig bereik sou kon word. Gevolglik is ons ook daarvan oortuig dat die amptelike erkenning van die grondwetlike reg tot godsdienstvryheid die beskikbaarstelling aan beide opvoeders én leerders van redelike geleenthede binne die skool, tydens amptelike skoolure, vir die openlike beoefening van hulle godsdiensoonderrig insluit.

In lyn met bovermelde grondwetlike reg tot godsdienstvryheid, glo die Beheerliggaam van hierdie Skool dat elke openbare skool - en so ook HOËRSKOOL ALBERTON - toegelaat behoort te word om sy eie skoolinterne beleid t.o.v. godsdiensoonderrig en godsdiensoonderrig te bepaal, wat:

- die verskeidenheid van godsdiensoonderrigings van alle leerders in daardie skool sal respekteer,
- opvoedkundig verantwoordbaar sal wees en op die welsyn en wording van die totale kind-in-opvoeding gefokus sal wees,
- nie vir proseliteringsdoeleindes nie, maar ter wille van die geestelik spirituele en morele wording van elke leerder sal kan plaasvind en wat
- eerlike en opregte begrip vir ons land se godsdiensoonderrigings verskeidenheid onder alle leerders sal kan bevorder.

Teen hierdie agtergrond en in ooreenstemming met alle tersaaklike wetgewing, insluitend Omsendskrywe 67 van 2002 van die Gauteng Departement van Onderwys (gedateer 6 September 2002) rakende die hantering van godsdiensoonderrigings aangeleenthede in openbare skole, verklaar ons dan dat onderstaande die uitdruklike en verklaarde godsdiensoonderrigingsbeleid van HOËRSKOOL ALBERTON verteenwoordig:

## 2. BELEID

2.1 Die visie, missie, etos, karakter en doelstellings van die Skool erken en verreken die Christelik Calvinisties Protestantse Gereformeerde fundering van hierdie Hoërskool, insluitend die reg van leerders wat tot ander godsdiensoonderrigingsgemeenskappe mag behoort om hulle geloof prakties te mag voorleef en te mag uitoefen.

2.2 Vryheid van gewete en van godsdiensoonderrig word gevolglik by HOËRSKOOL ALBERTON ten volle en onvoorwaardelik erken en gerespekteer.

2.3 Vir sover as wat godsdiensoonderrig by hierdie Skool aangebied word en / of godsdiensoonderrig hier tydens byeenkomste van die Skool beoefen word:

- 2.3.1 sal geen leerling geïndoktrineer word om enige besondere geloof of geloofsoortuiging te aanvaar nie;
- 2.3.2 sal daar in geen opsig afbreuk gedoen word aan enige godsdiensoonderrigings of geloofsoortuiging nie;
- 2.3.3 sal elke leerder, met die voorafverkreë goedkeuring van die Hoof (wat die reg sal hê om sodanige leerder vir die duur van daardie geleenthede elders onder toesig opvoedkundig verantwoordbaar besig te hou), die reg hê om te weier om sodanige godsdiensoonderrigingsgeleentheid of -byeenkoms by te woon, sonder om op enige wyse op die reg van ander leerders om dit wel by te woon inbreuk te maak;

- 2.4 Tydens die implementering van HOËRSKOOL ALBERTON se godsdiensbeleid sal die feit dat (a) die oorgrote meerderheid van leerders wat by hierdie Skool ingeskryf is uit Christelik Calvinisties Protestants Gereformeerde huise kom, dat (b) die mens se godsdiens en kultuur ontologies fenomenologies nou aan mekaar verwant is en dat (c) die godsdienstige en kultuurbehoefes van die gemeenskap wat deur HOËRSKOOL ALBERTON bedien word ook in hierdie Skool neerslag vind, onder alle omstandighede in ag geneem en deeglik verreken word.
- 2.5 In die beoefening van ons godsdiens, sal ons tydens saal- en ander byeenkomste die Bybel as riglyn neem.
- 2.6 Om ons roeping uit te leef, sal ons die Christelike Student Vereniging verder uitbou. Die vereniging kom weekliks bymekaar om die volgende aksies uit te leef:
- ❖ Ons bid vir ons leerlinge vir hul eksamens, vir die beskerming van ons skool, die uitbou van die koninkryk in Hoërskool Alberton, vir leerlinge wat die druk nie kan hanteer nie, vir diegene wat siek is, vir alle huwelike van ons ouers en vir spesifieke versoeke wat opduik.
  - ❖ Weekliks bied ons kursusse aan om die groei in dissipelskap te bevorder.
  - ❖ Toere/uitstappies word gereël om ons roeping uit te dra om self sendeling te wees.
  - ❖ Geestelike boeke in die media word gereeld bekendgestel.
  - ❖ Traktaatjies word in die voorportaal geplaas of op ander plekke vir enige persoon om te neem.
  - ❖ Sprekers word op 'n kwartaallikse basis genooi om die leerlinge en die personeel toe te spreek.
  - ❖ Leerlinge word aangemoedig om in alle aktiwiteite hul oë op die Here te hou deur opening met skriflesing en gebed.

## **AANHANGSEL TOT DIE GODSDIENSBELEID**

### **TOEPASLIKE REGSBEPALINGS**

1. Artikel 9 van die Grondwet verorden gelykheid van elke individu voor die reg en die verbod op diskriminasie gegrond, onder andere, op godsdiens.
2. Elkeen het die reg tot vryheid van gewete, godsdiens, gedagtes, oortuiging en opinie (Artikel 15(1) van die Grondwet).
3. Godsdiensbeoefening kan geskied by Staats-of Staatsondersteunde instellings (soos wat hierdie Skool is) op voorwaarde dat:
  - 3.1 sodanige godsdiensbeoefening alle reëls gehoorsaam wat deur die toepaslike owerhede gemaak is;
  - 3.2 dit op billike grondslag geskied; en
  - 3.3 bywoning daarvan vry en vrywillig is (Artikel 15(2) van die Grondwet).
4. Persone wat aan 'n kultuur-, godsdiens- of taalgemeenskap behoort, mag nie van hulle grondwetlike reg ontnem word om saam met ander lede van dieselfde gemeenskap hulle kultuur voor te leef, hulle godsdiens te beoefen en hulle taal te gebruik en om verenigings te stig om daardie gemeenskap se doelstellinge voor te leef en te bevorder nie. (Artikel 31 van die Grondwet).
5. Ingevolge Artikel 7 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASA) kan godsdiensbeoefening by 'n openbare skool, behoudens die Grondwet en enige toepaslike provinsiale wetgewing en ingevolge reëls wat deur die beheerliggaam van daardie skool uitgevaardig is, geskied, indien sodanige beoefening op 'n billike wyse geskied en bywoning daarvan deur sowel leerders as personeellede vry en vrywillig is.
6. Ingevolge Artikel 21 van die Gauteng Skolewet:
  - 6.1 sal die godsdiensbeleid van 'n openbare skool neergelê word deur die beheerliggaam van die skool na konsultasie met die Departement en onderworpe aan die goedkeuring van die Lid van die Uitvoerende Raad;
  - 6.2 sal 'n openbare skool se godsdiensbeleid binne die raamwerk van die volgende beginsels ontwikkel word:

- 6.2.1 dat die opvoedingsgebeure op die ontwikkeling van 'n nasionale, demokratiese kultuur van respek vir die land se diverse, kulturele en godsdienstige tradisies gerig behoort te wees;
- 6.2.2 dat vryheid van gewete en van godsdiens by alle openbare skole gerespekteer sal word;
- 6.3 mag die Lid van die Uitvoerende Raad te enige tyd, indien hy / sy rede het om te glo dat die godsdiensbeleid van 'n openbare skool nie aan die beginsels soos in subparagraaf (2) uiteengesit, of aan die vereistes van die Grondwet, voldoen nie, ná konsultasie met die skool se beheerliggaam gelas dat die godsdiensbeleid van die skool geherformuleer moet word.
7. Ingevolge Artikel 22 van die Gauteng Skolewet mag niemand by 'n openbare skool leerders in enige oortuiging of geloof indoktrineer nie. So mag daar ook nie afbreuk gedoen word aan enige godsdiens nie. Ingevolge Artikel 22(3) sal elke leerder van 'n openbare skool die reg hê om nie godsdiensoonderrigklasse en godsdienstige praktyke by die skool by te woon nie. Geen persoon wat in die diens van 'n openbare skool is sal op enige wyse 'n leerder aanmoedig om te kies om nie godsdiensoonderrigklasse of godsdienstige praktyke by die skool by te woon nie. `

-----  
**MNR H J SCHOEMAN**  
**HOOF**

-----  
**MNR C BOTHA**  
**BEHEERLIGGAAMVOORSITTER**